**17 Mei**
**Skrifgedeelte: Nehemia 1:1-3 en Sagaria 8**
**Fokusgedeelte: Nehemia 1:1-3**

## Hoe gaan dit?

Hoe gaan dit vandag met jou?
Op 'n dag het Nehemia navraag gedoen oor hoe dit met die volk Israel gaan. As skinker in die paleis van die Persiese koning geniet hy voorspoed en hoë aansien. Hy doen navraag na die oorblyfsel van die volk Israel wat al negentig jaar uit die ballingskap terug is. Dit gaan nie goed met hulle nie. Hulle is maar 'n klein klompie mense wat ellende en smaad ervaar. Die mure van die stad Jerusalem lê om en die poorte is verbrand. Nehemia vra nie bolangs nie, maar stel indringend ondersoek in, soos wat 'n advokaat 'n beskuldigde sou ondervra totdat hy die waarheid hoor. Waarom sou Nehemia, vanuit sy gemaksposisie, navraag doen oor hierdie sukkelende gemeenskappie wat byna 1400 km van hom af is? Omdat hy en die volk dieselfde God dien. Hy is bekommerd oor die eer van hulle God in die stukkende Jerusalem. Hy gee om vir God se saak. Uiteindelik is dit God wat déúr hom navraag doen omdat Hy bekommerd is oor sy eer en die toestand van sy volk.
God se besorgdheid oor jou het gelei tot die dood van Jesus Christus. Dalk wil God jou vandag gebruik om navraag oor sy eer te doen. Verbind jou aan die saak van God, kom uit jou gemaksone en vra: "Hoe gaan dit?" Hoe gaan dit met 'n medegelowige? Met jou gemeente? Met die eer van die Here in jou gemeenskap?
*Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*